

Groot soektog na DNS-stringetjie wat alle plante saambind

ERNA VAN WYK
Johannesburg

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes is aan die voorpunt van 'n wêreldwye soektog na 'n ontwykende geen in plante.

Dit sal hulle in staat stel om meer as 300 000 plantspesies te kodeer.

Tot op hede was die soeke onsuksesvol na die gemeenskaplike klein aaneenlopende stukkie DNS van plante wat as die kode kan dien.

Haar span hoop om die eerste te wees wat die genetiese kode van plante ontdek, sê dr. Michelle van der Bank van die Universiteit van Johannesburg se departement plantkunde en biotegnologie.

"Dit sal plantkundiges help om met die koderingsmetode spesies uit te wys."

DNS-kodering is twee jaar gelede deur die konsortium vir die kode van die lewe begin om die 10 miljoen spesies op die aarde vinnig en goedkoop uit te wys.

Die tegniek het maklik met diere gewerk, maar om

die kort DNS-string te kry wat sal help om plante te kodeer, was tot dusver onsuksesvol.

Van der Bank en haar span wetenskaplikes van regoor die wêreld maak sedert September verlede jaar plante in die Krugerwildtuin bymekaar. Hulle het reeds 1 600 plantmonsters versamel – meestal in die biodiverse suide van die wildtuin.

Hul versameling is ook die mees onlangse en volledigste inventaris van die wildtuin se ryk plantlewe.

Mnr. Olivier Maurin, 'n Franse navorser in die span, sê die voordeel van hul navorsing is dat hulle in staat sal wees om 'n groot databasis saam te stel van plantspesies wat in 'n bepaalde ekologiese gebied voorkom.

"Dit kan lei tot ander uitgebreide navorsingsprojekte. Dit stel die universiteit ook in staat om sy eie plantdatabasis vir 'n bepaalde gebied te begin," sê Maurin.

Om die gemeenskaplike geen van organismes te ontdek, het belangrik geword in enige studie van organismes.

By plante sal dit aangewend kan word om verhoudinge te bestudeer, om die geskiedenis van die diverse plantspesie na te vors of om die geneologiese boom van groepe organismes saam te stel.

Maar iemand moet net eers daardie eerste deurbraak maak ...

